**TULI BEESTELERSGENOOTSKAP VAN SA / TULI CATTLE BREEDERS' SOCIETY OF SA**

**NOTULE VAN DIE ALGEMENE JAARVERGADERING GEHOU BY DIE SUMMERWOOD COUNTRY ESTATE, BLOEMFONTEIN, OP DINSDAG 29 MAART 2011, OM 09:00**
**MINUTES OF THE ANNUAL GENERAL MEETING HELD AT THE SUMMERWOOD COUNTRY ESTATE, BLOEMFONTEIN, ON TUESDAY 29TH, 2011 AT 09:00.**

**Teenwoordig/Present:**

L Biggs
W Biggs
D Mullins
G Gilfillan
B Greyling (LNR)
E Joosten (LNR)
E Clark
R Clark
A Schulze
J Kettlewell
B Raath
T de Bruyn
C Hobson
L Cook
W Gouws
B Coetzer
A Marx
J de Villiers
A Rautenbach
C Rautenbach
M van Niekerk
Dr P van Rooyen (SA Stamboek)
S Welz (President)
H Verwoerd
H Brisley
B Rossouw
C Welz
J van Rijswijk (Vise-President)
CV Els (Sekretariaat)
L Grobler (Sekretariaat)

1. **Opening en Verwelkoming / Opening and Welcome**
Mnr Welz verwelkom almal teenwoordig, met 'n spesiale woord van verwelkoming aan dr van Rooyen (SA Stamboek) en mnr Joosten (LNR). Mnr de Bruyn open met gebed.

*Mr Welz welcomed members to the meeting, with a special word of welcome to Dr van Rooyen from SA Studbook and Mr Joosten from the ARC. Mr de Bruyn opened the meeting with prayer.*

Mnr Clark doen 'n elektroniese voorlegging om die belangrikheid van die interkalfperiode te verduidelik. Hy beklemtoon die invloed wat 'n korter interkalfperiode op winsgewendheid het.

*Mr Clark submitted an electronic reference to illustrate the importance of the intercalving period. He stressed the influence thereof on profitability.*

2. **Kennisgewing, bywoningsregister en verskonings vir afwesigheid / Notice of meeting, attendance register and apologies for absence.**
Die kennisgewing van die vergadering was betyds uitgstuur. Die vergadering word as behoorlik gekonstitueerd verklaar. Die bywoningsregister word onderteken.

*The notice of the meeting was sent out in time and the meeting thus declared as properly constituted. The attendance register was duly signed.*

*Apologies for absence were received from the under mentioned members and leave of absence granted.*
Verskoning vir afwesigheid word vir die volgende lede aangebied en aanvaar:

| | | |
|---|---|---|
| C Slabbert | CN Scheepers | E Clark |
| F Brink | CA Groenwald | J & K van der Walt |
| R van der Merwe | E Galpin | W Ackhurst |
| H Vermaak | D Cawthorn | W Vermeulen |
| FJ Burger | PW Michau | C Nel |
| Vincent & Nellie Beukes | S van Wyk | |

‘n Oomblik van stilte word gehandhaaf uit eerbetoon vir mnr R van der Merwe en mev C Harvey se afsterwe.

*A moment of silence was held in condolence with the demise of Messrs R van der Merwe and MeC Harvey.*

3. **Goedkeuring van die notule van vorige vergadering gehou op 30 Maart 2010**
**Approval of the minutes of the previous meeting on 30 March 2010.**
Die notule word as gelese beskou en goedgekeur. Voorgestel mnr Rossouw, gesekondeer Mnr Biggs.
*The minutes as circulated was taken as read and approved. Proposed by Mr Rossouw and seconded by Mr Biggs.*

4 **Sake voortspruitend uit die notule / Matters arising from minutes**
4.1 **Kloning / Cloning**
Mnr Welz noem dat hy die punt met SA Stamboek bespreek het. Hy voel sterk dat: “Till there’s a calf on the ground, why bother”. Hy stel voor dat die saak as afgehandel beskou word, totdat die Genootskap so ‘n aanmelding kry.

*Mr Welz said that he discussed the matter with Dr van Rooyen. He was of the opinion that: “Till there’s a calf on the ground, why bother”. He proposed that the matter be considered as closed until the Society receives an application.*

4.2 **Prestasietoetsing Verpligtend**
Mnr Welz stel voor dat prestasietoetsing verpligtend sal wees vanaf 01/07/2013. Mnr Joosten noem dat ‘n skaal beskikbaar is wat huidiglik vir opkomende boere gebruik word. Hy doen ‘n beroep op die lede om die LNR te laat weet sou hulle belangstel. Die koste verbonde aan prestasietoets is R104-57 per dier. Mnr Clark stel voor dat nuwe lede prestasietoetsing moet doen voordat hulle kan aansluit by die Genootskap. Dr van Rooyen noem dat hierdie ‘n Grondwetwysiging is en daarom tydens die volgende AJV ter tafel gelê moet word. Gesekondeer mnr Rossouw.

*Mr Welz proposed that performance testing be compulsory as from 01/07/2013. Mr Joosten said that scales, presently used by and available for upcoming farmers, could be acquired. He called upon interested members to contact the ARC for further information. The cost involved to join as a member of the scheme is R104.57 per animal. Mr Clark proposed that it be compulsory for all new members join as performance test members, before they are accepted as members of the Society.*
*Dr van Rooyen advised that this would to be a constitutional amendment, which will have to be put forward for the next annual meeting.*

5. **BYVOEGINGS TOT DIE AGENDA / ADDITIONS TO THE AGENDA**

7.1 **Bemarking – Algemeen/*Marketing General***
7.2 **DNS toetsing by stoetbulle /*DNA testing for stud bulls***
7.3 **Genomics**
7.4 **Keurderskursusse / *Inspectors courses***

## 6. Nuwe Sake / New Business

6.1 **PORTEFEULJE - VERSLAE:*PORTFOLIO REPORTS***

6.1.1 **PRESIDENTS VERLSAG / PRESIDENT'S REPORT** – Stephan Welz

Mnr Welz lewer sy Presidentsverslag. Mnr Mullins bedank mnr en mev Welz vir hulle betrokkenheid by die Genootskap die afgelope 15 jaar en spreek die vertroue uit dat hulle steeds aktief by die Tuli's betrokke sal bly. Hy stel die aanname van die verslag voor gesekondeer deur mnr Schultz..

*Mr Welz delivered his Presidents report. Mr Mullins thanked him for his involvement of 15 years with the Society and trust that their interest active involvement in the Tuli breed will continue. Mr Mullins then proposed the acceptance of the report seconded by Mr Schultz.*

Om vir 2010 President van die Tuli Beestelersgenootskap te kon gewees het was werklik 'n plesier. Klagtes en probleme wat aan die Raad voorgelê is kan ek op my een hand tel met nog 'n paar vingers oor. Die paar klagtes en probleme is ook spoedig tot almal se bevrediging afgehandel. Dit alles is te danke aan u as lede asook die Raad wie ten alle tye binne die reëls en gees van die Genootskap opgetree het.

Die LNR verteenwoordiger asook Voorsitter van die Rasadviserende Komitee sal later vandag verslag doen van presiese syfers en statistiek maar ek moet tog meld dat ons ledetal vir die eerste keer 50 oorskry het en dat die getal geregistreerde Tulis 'n sterk groei getoon het.

Ek wil my verstout om te sê dat die groei wat ons beleef het en die aansienlik hoër pryse wat op veilings en met privaat verkope behaal is tot 'n groot mate toe te skryf is aan die meer aktiewe bemarkingspoging wat aangewend was. Dit op syn beurt is weer moontlik gemaak deur die ekstra eenmalige heffing wat deur lede betaal was vir bemarking.

Ook die verskyning van 'n joernaal oor die laaste drie jaar, grootliks te danke aan Mnr Alwyn Marx, glo ek het 'n groot invloed gehad op die beeld en bemarking van die Tuli. Dankie aan almal wie betrokke was met die bemarkings-veldtog.

Ons uitstalling by Nampo was weereens 'n sukses. Dankie aan die Rautenbach broers vir die moeite wat hulle gedoen het, veral met die makmaak van die diere wat uitgestal is. My hartlike dank ook aan almal wat baie dae opgeoffer het om die stalletjie skou-klaar te kry en te beman - hier dink ek veral aan mnre. Chris Hobson en Alwyn Marx. Ek glo ook dat Dr Ricardo Martinez uit Argentinië 'n ietsie anders bygedra het wat veseker het dat daar byne te alle tye 'n gesellige gewoel van mense was wat wou gesels, uitvind en kyk.

Die Tuli prestasiesyfers is heel bevredigend maar ons kan nooit op ons louere rus nie – veral wat betref TKP en speen-en jaaroudgewigte en ook nie in vergelyking met rasse soortgelyk aan ons s'n nie. Ons kan nie bekostig om te laat slaplê nie en lede word steeds gereeld attent gemaak, veral wat betref behoorlike rekordhouding. Met Stamboek se hulp word diere wat nie volgens rekord aan die vereistes

voldoen nie ook gereeld gekontrolleer. Hierdie is deurlopende aksies en ek vertrou dat lede verstaan hoe belangrik dit is.

The Society currently finds itself in a difficult position. It is now too big to be run as a "family business" yet too small to justify the costs of employing much outside expertise and services. Anybody involved in a medium sized business is only too familiar with the problem. It is no longer possible and fair, I believe, to saddle one person with the responsibility of arranging inspections and undertaking many of the inspections himself or to expect one person to handle marketing and the publication of a journal. Added to this they receive no remuneration for their efforts. It would indeed be a great day when the Society can afford the services of a fulltime breed director cum inspector.

I have nothing but praise for the current handling of inspections and believe that some heroic efforts have been made. I do, however, have one observation to make and that perhaps unfairly. Quite a few breeders have expressed the view that the inspector(s) have left them slightly despondent, negative, aware of criticisms, rather than inspiring them with positive, yet critical encouragement. This is a very important aspect, particularly for a new breeder feeling his way. Perhaps all inspectors should once again be made aware of the importance of illuminating the positive and not harping on the negative.

I have to express my thanks to Mr Chris Els who has miraculously managed to keep things on an even keel at the Secretariat. I am not sure if all of you are aware of the difficulties he has experienced with staffing. I do hope, not only for our sake but also for his, that these are now problems of the past.

Most of you are probably unaware that a very important, ongoing battle - to correct the Tuli Pedigrees and to link our animals up with their Zimbabwean ancestors - which has been going on for the last five or six years and in which my wife, Carmen, has been involved since the beginning. Had it not been for unstinting, invaluable help from SA Studbook and their staff we would surely not have been where we are today. The progress which has been made should soon be noticeable in sale catalogues, on certificates and most importantly on our Breeding Estimates. It would be remiss of me if I did not also specifically mention one of the chief programmers, Mrs Dina Victor here, as well as the head of the Department she works for, Mr. Herman Labuschagne. I think it has become a personal challenge for all of them to get it as right as is humanly possible and in the process they have had to solve many highly unconventional problems. My heartfelt thanks to everyone involved, once again.

Recent events in North Africa has very much brought it home to me that there is a time to go and that now would be a good time. After more than fifteen years on the Council and eleven of those as President it is time for new blood, new ideas and fresh inspiration. I wish the incoming President and Council everything of the best and assure them of my loyal support.

Soos reeds gesê – daar is 'n tyd om te kom en 'n tyd om te gaan. Baie dankie aan almal vir die lojaliteit en vriendskap aan my getoon in my hoedanigheid as Raadslid en ook as President oor die laaste vyftien jaar. Laaste maar nie die minste nie, 'n groot dankie aan my vrou Carmen vir haar waardevolle bystand ten alle tye.

Stephan Welz

6.1.2 **TESOURIERSVERSLAG / TREASURER'S REPORT** – Stephan Welz.

6.1.3 **Goedkeuring van Jaarlikse Finansiële state jaar einde 30 Junie 2010 / Approval of Annual Financial Statements Year end 30 June 2010**

Mr Welz hou die state aan die lede voor en lig die belangrikste inkomste en uitgawes uit. Die verlies vir die jaar is toe te skryf aan die feit dat die begroting vir die per kapita fooi nie voldoende was nie. Daar word dus voorgestel dat die per kapita verhoog word na R50-00 per dier en die jaarlikse ledegeld word verhoog na R1000-00 per jaar. Die lede versoek dat 'n begroting in die toekoms voorgelê moet word wat dit maklik sal maak om te bepaal met hoeveel die fooie moet verhoog.

Die state soos voorgelê word goedgekeur en aanvaar. Voorgestel mnr Mullins en gesekondeer deur mnr Schultz. Die voorsitter word gemgtig om ter bekragtiging te onderteken.

*Mr Welz discussed the statements and explained important issues in the income and expenditures. The deficit for the year is due to the fact that the per capita fee as budgeted for was insufficient. It was proposed that the per capita be increased to R50 per animal and annual membership to R1000. The members requested that in future a proper budget be drawn up and submitted to members to assist in deciding on the percentage increase to be implemented.*

*The Balance sheet and Accounts as submitted were approved, accepted and the President authorised to sign in confirmation.*

6.1.4 **Aanstel van Ouditeure/ Appointment of Auditor**

Daar word eenparig besluit dat PKF weer aangestel word as ouditeure en dat die oudit fooi betaal word.

*Messrs PKF was unanimously re-appointed as auditors for the ensuing year and that the audit fee be paid.*

6.1.5 **Verslag deur Promosie & Bemarkings komitee/**

Mnr Marx lewer verslag. Hy noem dat hy graag wil uittree as koördineerder van Promosie en Bemarking, maar bereid is om die nuwe persoon te help met die reëlings.

*Mr Marx delivered his report. He advised that he would not further be available to act as co-ordinator for Promotion and Marketing. He is however willing to assist his successor.*

6.1.6 **Verslag deur Rasadviserende Komitee / Report by Breed Advisory Committee** **-** Russel Clark

Mnr Clark lewer verslag. Hy versoek dat indien iemand 'n Tuli inligting en keurders kursus wil aanbied, hulle hom moet kontak.

*Mr Clarke gave his report. He requested that if a Tuli Information and Inspection Course* ***is*** *planned, he may be contacted.*

6.1.7 **Verslag deur Stamboek Komitee/ Report by Studbook Committe** **-** Dave Mullins

Mnr Mullins noem dat daar te min vroulike diere te koop is. Hy stel voor dat die kantoor in kennis gestel word van kommersiële diere wat te koop is, sodat dit op die webblad geplaas kan word. Hy noem dat inspeksie middel Junie afgehandel sal wees. Hy noem dat lede wie se diere deur Stefan van Wyk geinspekteer gaan word, die kantoor daarvan moet laat weet. Mnr Mullins bedank SA Stamboek, sowel as die Sekretariaat vir die goeie werk wat hulle doen.

*Mr Mullins mentioned in his report that the sale of females are inadequate. He suggested that breeders advise the office if they have commercial animals for sale. This information can then be placed on the web page. The inspection visits will be finalised by the middle of June. He requested that breeders to advise the office if they will be visited by Stefan van Wyk. Mr Mullins thanked SA Stud Book and the Secretariat for the good work they do.*

6.1.8 **Verslag deur Grondwet Komitee/**
**Report by Constitution Committee** **-** Arthur Schulze

Mev Welz doen namens mnr Schulze verslag. Sy noem dat die Afrikaanse Grondwet as outentiek beskou word en dus in 'n hofgeding gebruik sal word. Sy meld ook dat sy en mnr Welz besig is om die vertaalde Engelse weergawe van die Grondwet na te gaan.

*On behalf of Mr Schulz, Mrs Welz reported that as the Constitution has been compiled submitted and accepted in Afrikaans, the Afrikaans version shall be deemed to be the authentic version. In court this would be the document used and referred to.*
*She also advised that she and Mr Welz are checking the translation of the English version of the Constitution.*

6.1.9 **Verslag deur LNR verteenwoordiger/**

Mnr Joosten lewer 'n verslag oor Prestasietoetsing. Hy doen 'n beroep op keurders om foto's van swak en goeie diere te neem, aangesien daar 'n aanvraag na nuwe materiaal is. Hy vra ook dat indien enige iemand inligting oor Prestasietoetsing verlang, hy gekontak kan word by: 082 204 2379 / 012 672 9092 / erick@arc.agric.za
Hy stel ook voor dat die Tuli diere wat by die Groblersdal Navorsingsprojek betrokke is, onttrek moet word, aangesien die kalf registrasies nie aangemeld word nie en van die diere nie aan die minimum standaarde voldoen nie.

*Mr Joosten spoke on Performance testing. He called on the inspectors to take photos of the animals they inspect, as new photos are required. He also said that he can be contacted for any information on performance testing on the following numbers:* 082 204 2379 / 012 672 9092 / erick@arc.agric.za
*He also requested that the Tuli animals at the Groblerdal Research project be withdrawn, as the births of the salves are not recorded and the animals do not conform to the minimum breed standards.*

6.2 **Veilingsdatums / Sale Dates**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Stephan Welz | - | 15/04/2011 | Saxonwold (*cancelled*) |
| Great Karoo Tuli's | - | 22/09/2011 | Murraysburg |
| AJV van Rijswijk & PW Michau | - | 23/09/2011 | Cradock |
| Russel Clark | - | 12/10/2011 | Dordrecht |
| Alwyn Marx | - | 13/10/2011 | Burgersdorp |
| Dave Cathorn | - | 05/10/2011 | |

6.4 **Veilingsreëls / Sale Rules –** Stephan Welz

Mnr Welz stel voor dat die Veilingreëls aanvaar word. SA Stamboek sal voortaan veilingskatalogusse opstel.

*Mr Welz proposed that the sale rules be accepted. In future all sale catalogues will be compiled by SA Stud Book.*

6.5 **Verskil tussen Per kapita en LNR seleksielyste**
Mnr Cook noem dat 'n verskil ontstaan tussen Logix se per kapitalyste en LNR se seleksielyste. Mnr Joosten noem dat hy ondersoek sal instel en terugvoering sal gee tydens die volgende Raadsvergadering.

*Mr Cook said that the Logix per capita lists differed from the ARC selection lists. Mr Joosten said that he would investigate and report back during the next Council meeting.*

6.6 **Vereenvoudiging van Inspeksies / Simplifying Inspections** – Carmen Welz
Mnr Welz stel voor dat keuring skedule tot 3 of 4 punte beperk moet word. Mnr Schulze sekondeer hierdie voorstel. Mnr Welz noem dat die nuwe Raad die inspeksievorm moet vereenvoudig. Mnr Welz se voorstel word eenparig aanvaar.

*Mr Welz proposed that inspection schedule be limited to 3 or 4 items. Mr Schulze seconded the proposal. Mr Welz also proposed that the incoming Council must simplify the inspection form. The proposal was unanimously carried.*

6.7 **Mosie vir Grondwetwysigings / Motion for Constitutional amendment –** Stephan Welz
Klousule 8.1 en 8.2 / Clause 8.1 and 8.2

8.1 **Samestelling en Verkiesing van die Raad**

Die belange van die Genootskap sal beheer en bestuur word deur 'n Raad wat uit sewe lede sal bestaan **en wat jaarliks tydens die Algemene Jaarvergadering verkies word:**

**a) 'n President**
**b) 'n Vise-President**
**c) Vyf lede. Met dien verstande dat minstens ses van die sewe verkose lede Suid-Afrikaanse burgers moet wees.**

(*Die onderstaande gedeelte van Klousule 8.1 word geskrap)*

[~~Vakatures word op die Algemene Jaarvergadering deur middel van 'n verkiesing gevul.~~
~~(a) 'n President en Vise-President word jaarliks deur die Algemene Jaarvergadering uit die verkose Raadslede verkies.~~
~~(b) Minstens ses van die sewe verkose lede moet Suid-Afrikaanse burgers wees met dien verstande dat die President en Vise-President Suid-Afrikaanse burgers moet wees.~~
~~(c) Een persoon mag vir nie meer as drie jaar agtereenvolgens tot President verkies word nie, waarna hy vir ten minste een jaar nie die amp van President mag beklee nie.~~
~~(d) Raadslede word vir 'n termyn van drie jaar verkies, waarna hulle weer herkiesbaar is.~~]

8.2 **Metode van Verkiesing**

**Indien 'n stemgeregtigde lid nie self teenwoordig kan wees op 'n Algemene Jaarvergadering om sy stem te kan uitbring nie, kan so 'n lid vooraf 'n medelid as volmaghouer aanstel om namens hom te stem. Die aanstelling moet op 'n voorgeskrewe vorm gedoen word en voor die vergadering aan die Voorsitter oorhandig word.**

*(Die onderstaande gedeelte van Klousule 8.2 word geskrap)*

[~~Indien 'n lid nie self 'n stem op 'n Algemene Vergadering kan uitbring nie kan sò 'n lid sy/haar stem vir 'n behoorlik genomineerde kandidaat skriftelik uitbring deur die naam/name van die kandidaat/kandidate vir wie daar gestem word, asook die betrokke portefeuljes~~

~~waarvoor die kandidaat/kandidate in aanmerking kom, duidelik op 'n blanko vel papier aan te bring en sodanige stembrief/stembriewe aan die Bestuurder te besorg voor die aanvang van die betrokke vergadering.~~]

**8.1 Election of Council**

The affairs of the Society shall be controlled and administered by a Council consisting of seven members **elected annually by the Annual General Meeting**:

**(a) The President;**
**(b) Vice-President and;**
**(b) five members. Provided that at least six members shall be South African Citizens.**

*(The under-mentioned section of Clause 8.1 is to be replaced.)*

[~~Vacancies are filled at the Annual General Meeting by means of an election.~~]
~~(a) The President and Vice President are annually elected by the President from the elected Members of Council.~~
~~(b) At least six of the seven elected members must be South African citizens, provided that the President and the Vice-President must be South African citizens.~~
~~(c) The same person may not be elected as President for more that three subsequent years, where after he may not take up the office of President for at least one year.~~
(d) ~~Council Members are elected for a period of three years, where after they are re-electable.~~]

**8.2 Method of Election**

**If a member is unable to attend the Annual General Meeting he may prior to the meeting submit the name of a co-member who he appointed by proxy to vote on his behalf. The appointment of such proxy holder must be done on a prescribed form and must be handed to the Chairperson before commencement of the meeting.**

*(The under-mentioned section of Clause 8.1 is to be replaced.)*

~~All candidates for election to the Council must be proposed in writing, and such written nominations shall be submitted to the Breed Manager at least 40 days prior to the date determined for the holding of the Annual General Meeting. Election at the Meeting shall be by secret ballot.~~
~~If a member is unable to attend the General Meeting, he may submit the names of his candidates on a blanc folio and submit the paper to the Manager before commencement of the meeting. His preferences must be clearly stipulated on the folio handed to the Manager.~~

Grondwetwysiging soos voorgelê en bespreek deur mev Welz word algemeen goedgekeur en aanvaar.

## 7. BYVOEGINGS / ADDITIONS

### 7.1. Bemarking – Algemeen

Mnr Marx noem dat die Joernaal voor Nampo beskikbaar moet wees. Hy benodig egter nuwe foto's van goeie kwaliteit. Hy noem ook dat 'n brief aan die lede gestuur moet word vir advertensies in die Joernaal. Tenders vir dubbelvoor en -agterblad moet ook ingestuur word. Die prys vir 'n volblad/volkleur is R3000-00 en 'n halfblad R1 700.
Mev Welz versoek dat die Nampo stalletjie binne die volgende 3 jaar verbeter moet word.

*Mr Marx said that the Journal must be ready before the Nampo exhibit. He urgently needs new photos of good quality. A letter must be sent to breeders asking for adverts for the journal.*

*Tenders for the double front and back pages must also be submitted. The cost of a full colour/full page is R3000 and a half page R1700.*
*Mrs Welz requested that the Nampo stall be renovated within the next 3 years.*

7.2. **DNS Toetsing by Stoetbulle**

Mnr Gouws stel voor dat alle bulle se DNS op rekord moet wees voordat hulle op 'n veiling verkoop word. Mnr Jooste noem dat "LIDCAT", wat heelwat goedkoper as DNA is, gebruik kan word. Die "LIDCAT" nommer word net soos die DNA nommer op die Logix stelsel aangebring. Mnr Mullins stel voor dat haarmonsters geneem moet word wanneer 'n bul gekeur word. Mnr Biggs sekondeer die voorstel. Mnr Mullins noem egter dat dit die teler se verantwoordelikheid is om die hare vir LIDCAT te stuur.
Mnr Welz noem dat alle bulle wat vir teeldoeleindes gebruik word steeds ge-DNS moet word. LIDCAT is slegs 'n storingsfasiliteit vir toekomstige DNS toetse en vervang nie DNS toetse nie.

*Mr Gouws proposed that the DNA of all bulls must be done before they are sold. Mr Joosten suggested that LIDCAT be done instead as this is less expensive. The LIDCAT number similar to DNA is then also saved on LOGIX. Mr Mullins proposed that hair samples of bulls be taken on inspection. Mr Biggs seconded the proposal. Mr Mullins said that it remains the responsibility of the breeder to submit hair samples either for storage on LIDCAT or for DNA testing.*
*Mr Welz reminded breeders that DNA for all stud bulls is compulsory and that LIDCAT is only a storing facility for future use and not a substitute for DNA.*

7.3. **Genomics – LNR**

Dr Greyling van die LNR verskaf meer inligting oor "Genomics". Hy noem dat "Genomics" addisionele DNS data is en dat daar van haarmonsters gebruik gemaak kan word. Hy verduidelik dat dit prestasiedata en DNS data ('n ander profiel as wat vir ouerskapsverifikasie gedoen word) is wat saamgevoeg word en wat vergelyk kan word om te bepaal hoe die Tuli bv. presteer t.o.v. van sekere eienskappe. Hy noem ook dat baie meer akkurate teeltwaardes verkry word, en dat die tydperk om besluite te neem of 'n dier geneties goed of sleg is, baie verkort word. Hy stel voor dat die monsters in plek gekry moet word, aangesien inligting binnekort benodig sal word. Die vergadering keur die indiening van "LIDCAT" haarmonsters goed. 'n Voorstel in hierdie verband sal aan die volgende AJV voorgelê word.

*Dr Greyling from the ARC explained "Genomics". Geonomics is additional DNA data. Geonomics make use of hair samples. Performance data and DNA data (a different profile from that of parentage verification) are combined and used to compare and to establish how the Tuli can for e.g., perform regarding certain qualities. Far more accurate breeding values can be ascertained. The time limit, in which decisions regarding the potential genetic qualities have to be made, is much quicker. He suggested that samples be taken as the information will soon be required. The meeting approved the submission of hair samples to be stored in LIDCAT. A proposal regarding Genomics will be tabled at the next AGM.*

7.4. **Keurderskursus /*Inspectors course***

Mnr Rossouw noem dat daar heelwat belangstellendes in Namibië oor 'n keurderskursus is. Mnr Welz noem dat dit baie duur is, maar dat die nuwe Raad daaroor moet besluit. Mnr Rossouw noem ook dat SA Stamboek en die Namibiese Genootskap saam moet werk. Mnr Jooste noem dat dit belangrik is om inligting uit te ruil. Hy stel voor dat Namibiese telers by SA Stamboek moet aansluit.

*Mr Rossouw said the Namibian breeders are interested in an inspector course. Mr Welz said that it would be an expensive venue, but left it to the Incoming Council to decide. Mr Rossouw also requested co-operation between SA Stud Book and the Namibian Society. Mr Joosten said that it is important to exchange information. He was of the opinion that Namibian breeders should join SA Stud Book.*

8. **Verkiesing van Raadslede / Election of Council Members**
   **Volle Raad vir 2011 / Full Council for 2011**
   Mnr Johan van Rijswijk word verkies as President, A Marx as Vise-president. Die raadslede wat verkies is, is C Rautenbach, A Rautenbach, D Mullins, R Clark en C Hobson.

   *Mr Johan van Rijswijk was elected as President, with Mr A Marx as Vice-President. The following members were elected as Council members: C Rautenbach, A Rautenbach, D Mullins, R Clark en C Hobson.*

9. **Benoeming van SA Stamboek Verteenwoordiger / Appointment of SA Studbook representative**
   Mnr C Rautenbach word as SA Stamboek se Verteenwoordiger benoem.
   *Mr C Rautenbach was elected as the SA Stud Book representative.*

10. **Datum van volgende vergadering / Date of next meeting**

    Die kantoor sal die volgende vergadering datum aan die lede deurgee.
    *The office will in time advise the date of the next AGM.*

*11.* **Afsluiting / Closure**

Mnr Welz sluit af en die vergadering verdaag om 14:10
*With no further matters for discussion, the meeting adjourned at 14:10 with thanks to the Chair.*

Geteken te/Signed at ............................................ op/on .........................

dag van/day van ...............................................2012.

........................................................
Voorsitter/Chairman
AJ van Rijswijk